# MILITÊRE VERSET TEEN BRITSE BESTUUR: DIE EERSTE VRYHEIDS-OORLOG, 1880—1881.

**J.E.H. Grobler**
*Universiteit van Pretoria*

Die negentiende eeuse Pruisiese militêre denker, Carl von Clausewitz, het in sy gesaghebbende studie *Vom Kriege* geskryf dat oorlog sy ontstaan uit 'n politieke toestand ontleen: dat oorlog deur 'n politieke motief veroorsaak word. Hy het oorlog gedefinieer as 'n gewelddadige politieke handeling wat daarop gemik is om jou wil op jou opponent af te dwing.[1] Die Transvaalse Afrikaners het sedert 12 April 1877 'n primêre politieke doelstelling gehad, naamlik die herstel van hul republikeinse onafhanklikheid wat op daardie dag verlore gegaan het. Die diplomatieke weë waarlangs hulle gepoog het om daardie politieke doelstelling te bereik, was teen Desember 1880 uitgetrap sonder dat sukses behaal is. Die tyd was ryp om diplomasie met geweld te vervang — om met die wapen in die hand die Britse regering te dwing om hulle onafhanklikheid te herstel.

In die eerste week van Desember 1880 het burgers van oor die hele Transvaal na die volksvergadering by Paardekraal opgetrek. Die Administrateur in Pretoria, sir Owen Lanyon, was van mening dat die Boere weens die kort kennisgewing meestal te perd sou moes gaan, en dat hulle gevolglik nie veel oorlogsbenodigdhede sou kon saamneem nie.[2] Tog is talle ossewaens op pad na Paardekraal opgemerk. Dit was vir Britse spioene duidelik dat die Boere bewapen was, en gereed sou wees om te veg.[3] 'n Enkele spioen het berig dat hy in Wes-Transvaal gesien het hoe die Boere voorberei vir òf 'n lang reis òf 'n lang verblyf in die veld, want hulle het op groot skaal biltong gemaak en beskuit gebak.[4] Wat daardie spioen gesien het, was die laaste voorbereidings vir oorlog.

By Paardekraal het die Volkskomitee ontbind sodat die regering van 1877 herstel kon word. Die Volksraad het op Maandagoggend 13 Desember vir die eerste keer sedert die anneksasie vergader. In die afwesigheid van president T F Burgers het Paul Kruger, wat tydens die anneksasie van vise-president van die Zuid-Afrikaansche Republiek was, die openingsrede gevoer. Hy het voorgestel dat die bestuur voorlopig aan 'n driemanskap opgedra moes word. Die Volksraad het ingestem en Kruger self, oud-president M W Pretorius en P J Joubert is as lede van die Driemanskap gekies.[5] Voorts is besluit dat 'n proklamasie opgestel moes word, "die breedvoerig de goede regten van de Republiek uiteenzet ...," waarin die Transvalers met ander woorde hulle optrede probeer verdedig het. Dit is dieselfde aand nog gedoen en die volgende oggend is kommandant Piet Cronjé beveel om daardie sogenaamde Eerste Proklamasie na Potchefstroom te neem, waar dit op die drukpers van ene J P Borrius gedruk kon word.[6]

Piet Cronjé, vergesel van 'n kommando van 400 perderuiters, het Potchefstroom

1. Von Clausewitz, C.: *Vom Kriege* (Vyfde verbeterde uitgawe, Berlyn, 1905), pp. 3 e.v.
2. Butler, W.F.: *The Life of Sir George Pomeroy-Colley* (Londen 1899), p. 267 waar 'n brief van Lanyon aan Colley, dd. 4.12.1880, aangehaal word.
3. TAB, BV 7, pp. 185 (W. Buchler-Raaff, geen datum); p. 191 (Anonieme brief aan Raaff, Wonderfontein, 7.12.1880); p. 196 (Verklaring van F.W. Findlay, Klerksdorp, 1.12.1880) en p. 207 (Verklaring van C. Woite, Potchefstroom, g.d.).
4. TAB, BV 7, p. 188 (F.W. Findlay-Raaff, 4.12.1880).
5. *Staatscourant Gedurenden den Vrijheidsoorlog*, 12.1.1881, p. 2 (Buitengewone Zitting van den Volksraad, 13.12.1880.)
6. TAB, BV 6 (Notulen van den Uitvoerenden Raad der Zuid Afrikaansche Republiek Anno 1880, Artikels 4, 5, 6 en 10A); Teks van den Proklamasie gepubliseer in De Staatscourant Gedurenden Den Vrijheidsoorlog, pp. ix-xiii.

vroeg die middag van 15 Desember bereik. Hy is reguit na die drukkery, waar hy aan Borrius opdrag gegee het om afdrukke van die Eerste Proklamasie te maak. Die burgers is aangesê om die drukpers te bewaak.[7] Die Britse owerheid se spesiale kommissaris in Potchefstroom, majoor M Clarke, het intussen op 'n potensiële konfliksituasie begin voorbereidings tref. Luitenant-kolonel R W C Winsloe, die bevelvoerder van die Britse garnisoen in die fort vlak buite die dorp is gewaarsku, waarop een afdeling soldate na die landdroskantoor in die dorp self en 'n tweede afdeling na die tronkgebou tussen die fort en die dorp afgedeel is. Die res van die soldate is beveel om in, òf vlak by die fort te bly.[8]

Die werksaamhede by die drukkery was teen die oggend van 16 Desember nog nie afgehandel nie, met die gevolg dat Boerewagte steeds uitgeplaas was om te verseker dat dit vreedsaam kon voortgaan. Een van die wagoffisiere was waarnemende kommandant J F (Frans) Robbertse. Hy was besig om, vergesel van vyf burgers, sy wagposte op die westelike dorpsrand te besoek toe Winsloe 'n patrollie uit die fort gestuur het om hom weg te keer. Die Britse reaksie het Robbertse laat wegdraai. Terwyl hy en sy manne die dorp in beweeg het is skote tussen die burgers en soldate gewissel — die eerste skote van die Eerste Vryheidsoorlog. Robbertse, wat in sy arm gewond is, was die enigste ongeval.[9] Sowel die Boere as die Britte het van meet af ontken dat dit een van hulle was wat die eerste skoot afgetrek het, en die ander kant daarvan beskuldig.[10] Verskeie skrywers het in die verlede op grond van verklarings van ooggetuies positief beweer dat die een of die ander party eerste geskiet het.[11] Daar kan nie met sekerheid vasgestel word wie eerste geskiet het nie.

Deur die afvuur van daardie eerste skote het die Transvaalse Afrikaners se vryheidstryd begin. Cronjé was binne 'n paar uur in 'n hewige stryd met die Britse garnisoen op Potchefstroom gewikkel, 'n stryd wat in die vorm van 'n beleg van die Britse fort tot op 21 Maart 1881 geduur het, toe Winsloe as gevolg van 'n totale gebrek aan voedsel moes oorgee.[12] Berig oor die vuur van die eerste skote is onverwyld na Heidelberg gestuur wat op dieselfde dag beset en as tydelike hoofstad ingerig is.[13] Daar het die Driemanskap die republikeinse krygsmasjien in werking gestel.

Die eerste Boerekommando wat uitgestuur is, was dié van kommandant Frans Joubert. Hy het op 18 Desember uit Heidelberg vertrek om 'n Britse kolonne wat vanaf Lydenburg na Pretoria opgeruk het, te gaan stuit.[14] Die Britte, nege offisiere en 252 ander range van die *94th Regiment* onder luitenant-kolonel Anstruther, het nie vermoed dat die Boere hulle sou probeer hinder nie. Hulle was gevolglik geensins op 'n geveg voorberei nie. Daardie foutiewe oordeel het Joubert en sy burgers in staat gestel om die Britte totaal te verras.[15] Die Boerekommando van sowat 300 man het met die groot transportpad langs ooswaarts beweeg en teen vroegmiddag op 20 Desember by die huidige Bronkhorstspruit op die Britte afgekom.[16] Eers toe die Boere in verspreide

---

7. TAB, BV 3, p. 75 (Rapport van den Wnd. Generaal P.A. Cronjé).
8. TAB, SS 510, R704/81 by R176/81, pp. 82—87 (Clarke-Lanyon, 2.4.1881).
9. TAB, BV 35, p. 67 (Verklaring van J.F. Robbertse, 4.7.1881); PRO, WO 33/58 appendiks, p. 347 (Lindsell — Garnisoen-adjudant Potchefstroom, 11.2.1881).
10. TAB, A 14 Joubertversameling 26,2471 (Cronjé — Kruger en Joubert, 16.12.1880); Britse Blouboek C2866, no. 27 bylaag, p. 50 (Winsloe — D.A.G. Pretoria, 16.12.1880).
11. Die jongste en mees breedvoerige studie daaroor is dié van D.F. le Roux: *Die Beleg van Potchefstroom* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1976), pp. 55—78. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die Britte eerste geskiet het.
12. D.F. le Roux het die hele beleg, in sy gemelde verhandeling, behandel. Die belangrikste bronne oor die onderwerp word daarin gelys.
13. KAB, GH 21/15, C2838, 188 (Copy of a desparch from Sir W.Owen Lanyon, dated 23.1.1881, enclosure 5: D.C. Nabal, Heidelberg — Colonial Secretary, Pretoria, 16.12.1880).
14. TAB, A14 Joubertversameling 26,2451 (P.J. Joubert — J.J.G. van der Schyff, 22.12.1880).
15. *The Natal Witness* (Pietermaritzburg) 1.6.1881, p. 3, kolom 5 (Transvaal — The Disaster to the 94th Regt).
16. Pieterse, H.J.C.: *Volksaltare of 'n Veteraan van die Eerste Vryheidsoorlog*. Persoonlike Herinneringe van P.C. Joubert (Kaapstad, 1940), pp. 16—17.

orde oor die lae heuwel links van die pad verskyn het, het die soldat die eerste keer van hulle kennis geneem. Joubert het 'n tolk met 'n brief aan Anstruther gestuur waarin laasgenoemde versoek is om te halt totdat die Driemanskap in Heidelberg alle moontlike weë tot 'n vreedsame skikking van die onafhanklikheidskwessie beproef het.[17] Die luitenant-kolonel het die brief gelees maar driftig geantwoord: "Ek gaan na Pretoria, maak soos julle wil."[18] Daardie antwoord het 'n konfrontasie onvermydelik gemaak.

Die hele Boerekommando het, toe Anstruther se antwoord bekend geword het, nader aan die pad begin beweeg. Die Britse soldate is daarop beveel om uit te sprei. Hulle is in seksies onder sersante en korporaals verdeel en die waarskynlike afstand waarop visiere gestel moes word, is verstrek. Die orkeslede en die soldate wat onder detensie was, is bewapen. Daardie voorbereidings was nog aan die gang toe die Boere op 'n afstand van 100—150 meter die eerste skote van die geveg gevuur het.[19] Die Britte het dadelik in die wapad platgeval en teruggeskiet. Sommige Boere het agter die enkele bossies op die terrein posisie ingeneem, maar die meeste was in die oopte, waar party gestaan, party op een knie geleun en ander gelê en skiet het. Dit is seker dat hulle visiere aanvanklik op die Britse offisiere gerig was, want al die offisiere is vroeg in die geveg getref. Die aanvanklike aanval was op die Britse front en regterflank gemik, maar luitenant D J E Erasmus het mettertyd 'n omvleuelingsbeweging uitgevoer en die waens van agter aangeval. So het die geveg 'n slagting geword. Anstruther self het menigvuldige wonde in sy bene opgedoen. Hy het spoedig besef dat daar geen sin in was om die geveg voort te sit nie. Daarom het hy die staakvuur laat blaas en die wit vlag van oorgawe gehys. Die geveg was na sowat tien minute verby.[20]

Die Britse verliese was, relatief tot die tydsduur van die geveg, ongelooflik groot. Tydens die geveg self is een offisier dood en al agt die ander gewond.

Van hulle het twee nog dieselfde dag en twee ander, waaronder Anstruther, binne die volgende drie weke weens hulle wonde gesterf. Die ongevalle onder die manskappe was soos volg: 56 is tydens die geveg doodgeskiet en 92 is gewond. Daarvan is minstens sewe aan hulle wonde oorlede.[21] Daarteenoor het daar aan Boerekant maar een burger tydens die geveg gesneuwel, een dodelik en vyf ander lig gewond.[22]

Joubert het aan Anstruther toestemming gegee om dokters uit Pretoria te laat kom om met die versorging van die gewondes by Bronkhorstspruit te help. Die Boerekommando swaar belaai met oorlogsbuit, is nog dieselfde dag terug na Heidelberg, waar hulle op 22 Desember aangekom het.

Die eerste groot geveg van die Eerste Vryheidsoorlog was verby. Die belangrikste gevolg daarvan was dat die algemene gevoel in Heidelberg, Pretoria, Pietermartizburg en London posgevat het dat die stryd aangeknoop was en enduit gevoer moes word. In Pretoria het die nuus oor die lot van Anstruther se troepe tydelik paniek veroorsaak. Al die inwoners is uit die dorp ontruim en in die militêre kamp wat teen aanvalle verskans is, geakkommodeer. In Heidelberg is Boereoffisiere en kommando's na al die dorpe in die herstelde republiek gestuur om dit te beset. In die sewe dorpe waar daar Britse gar-

17. TAB, SP 231, ongenommer (Driemanskap — Commander-in-Chief of her Majesty's troops on the road between Lydenburg and Pretoria, 19.12.1880.
18. TAB, BV 35, pp. 24—25 (P. de Beer se verklaring, Heidelberg, 29.12.1880).
19. *Britse Blouboek* C2866, no. 76 bylaag S, p. 142 (Anstruther — Assistent Adjudant-Generaal Transvaal, 26.12.1880).
20. Kyk onder andere TAB, BV 35, p. 30 (J.M. Engelbrecht se verklaring, 29.12.1880), en *Britse Blouboek* C2866, no. 27 bylaag, pp. 47—48 (Egerton se verklaring, 21.12.1880).
21. *Britse Blouboek* C2866, no. 76 bylaag, pp. 144—146 (Ward — Senior Mediese Offisiere Transvaal, 22.12.1880) en pp. 147—149 (Comerford — Senior Mediese Offisier Transvaal, 6.1.1881).
22. TAB, A14 Joubertversameling 26,2492 (Lys van Boereverliese).

nisoene was — Potchefstroom, Pretoria, Rustenburg, Marabastad, Lydenburg, Standerton en Wakkerstroom — moes daardie garnisoene die stryd aangesê word. Die oorlog het dus spoedig oor Transvaal uitgekring. In die dorpe behalwe Pretoria, Standerton en Wakkerstroom, waar die Britte hulleself kon handhaaf, het die Vierkleur teen die einde van die jaar gewapper. In Rustenburg, Lydenburg, Potchefstroom en Marabastad is die Britse garnisoene in hulle forte van klip en grond beleër. Die stryd by elk van die garnisoene was 'n oorloggie op sy eie, met sy eie verhale van heldemoed, van ontberings, van vindingrykheid en van onvermydelike begrafnisse.[23] Die garnisoen by Potchefstroom was die enigste wat oorgegee het.

Die Eerste Vryheidsoorlog het binne in Transvaal ontstaan, maar is nie daar beslis nie. Die belangrikste gevegte het al drie in Natal, waar die wapad tussen Newcastle en Standerton oor die Drakensberge gekronkel het, plaasgevind. Kommandant-generaal Piet Joubert het by Paardekraal al vermoed dat, as 'n oorlog sou volg, 'n Britse mag uit Natal uitgestuur sou word om die Boere aan te pak.[24] Die Britse leëraanvoerder in Natal en Transvaal, die Britse hoë kommissaris van Suidoos-Afrika, generaal-majoor sir George Pomeroy-Colley, was nie in staat om voor die einde van Januarie 1881 tot die offensief oor te gaan nie. Die gevolg was dat Joubert tyd gegun is om 'n kommando byeen te bring en self na die Drakensberge te vertrek. Dit was op 27 Desember toe hy Heidelberg met 'n mag van 800 perderuiters verlaat het.[25] Ses dae later was hy by sy bestemming, Laingsnek.[26] Daar het hy en sy kommando vir byna 'n volle maand op die Britte gewag.

Colley was in Pietermaritzburg toe hy die eerste nuus in verband met die besluite wat tydens die Boerevergadering by Paardekraal geneem is, ontvang het. Die inhoud daarvan het hom genoop om te beveel dat ses kompanies infanterie, vier kanonne en berede infanteriste gereed gehou moes word om binne enkele ure na Transvaal op te ruk.[27] Op 19 Desember is die gerugte oor die Boere-optrede finaal bevestig en het Colley die Koloniale Kantoor in Londen in kennis gestel dat hy na Transvaal vertrek.[28] Hy het aanvanklik besluit dat dit nie nodig was om op troepeversterkings te wag voor hy na Transvaal sou beweeg nie. Die Boere se sukses by Bronkhorstspruit het hom egter van mening laat verander. Hy het 'n kavallerie-regiment uit Brittanje aangevra, en, omdat hy daarvan bewus was dat die Boere groot respek vir kanonne gehad het, ook om 'n artillerie-battery aansoek gedoen.[29] Hyself was van plan om in Newcastle by sy sogenaamde *Natal Field Force* aan te sluit. Intussen is kolonel B M Deane na daardie grensdorpie gestuur om in bevel van die vorming van die kolonne te gaan staan.[30]

Die *Natal Field Force* het teen 20 Januarie in Newcastle, waar Colley self op die 11de die bevel opgeneem het, sy finale vorm aangeneem. Dit het bestaan uit 1 146 infanteriste en 191 kavalleriste met ses kanonne, twee Gatling-masjiengewere en drie vuurpylbuise. Die infanteriste was geen homogene militêre eenheid nie, maar 'n sameflansing uit verskeie regimente, waaronder die *58th Regiment* en die *60th Rifles.* Die taakmag het voorts 'n Vlootbrigade ingesluit. 'n Ewe groot swakheid daarvan was 'n

---

23. Die bronne oor die beleërde garnisoene lê wyd versprei in argiewe en biblioteke. Die meeste amptelike stukke is te vinde in PRO, WO 33/38: Correspondence Relative to Military Affairs in South Africa, with Reports on the Operations of the Garrisons in the Transvaal beleaguered by the Boers. (Londen, 1882).
24. TAB, A14 Joubert-versameling 25,2389 (P.J. JOubert — J.J.G. van der Schyff, 13.12.1880).
25. TAB, A1044 Ploeger Dr J — aanwins Deel I: Kmdt van Dam 1880—1881, p. 71.
26. TAB, BV 17, p. 43 (W.E. Bok — P.A. Cronjé, 4.1.1881).
27. *De Staatscourant Gedurenden den Vrijheidsoorlog,* 19.1.1881, p. 8 (Colley-Lanyon, 18.12.1880).
28. PRO, CO 291/7, no. 19544, p. 389 (Colley — Kimberley, 19.12.1880).
29. PRO, WO 33/38, no. 10, p. 3 (Colley — Childers, 24.12.1880); PRO, CO 291/7, no. 20237, p. 357 (Colley — Childers, 29.12.1880).
30. *Britse Blouboek* C2866, no. 70 bylaag, pp. 89—94 (Colley — Childers, 1.2.1881).

gebrek aan ervare ruitery. Colley het nogtans besluit om tot die offensief oor te gaan, want hy wou die beleërde garnisoene in Transvaal ontset.[31]

Die Britse kolonne het Newcastle op 24 Januarie verlaat. Twee dae later het hulle op Mount Prospect, onderkant die Laingsnekpas, laer getrek. Colley sou die Boereposisie op Laingsnek die volgende oggend, 27 Januarie, aanval maar swaar reën en digte mis het 'n voortsetting van sy opmars onmoontlik gemaak. Die aanval is noodgedwonge uitgestel.[32]

Vrydag 28 Januarie was 'n helder oop dag. Gevolglik het die *Natal Field Force* kort na 06h00 teen die Boereposisies begin opruk. Altesaam 56 offisiere en 1 158 man sou aan die aanval deelneem. Daarvan het 190 man 'n berede eskadron gevorm. Voor hulle was die bergpas in die middel van 'n agt kilometer breë halfsirkel van berge. Aan die westekant van die halfsirkel het die berg Majuba uitgetroon. Oos het die berge in die skeurvallei van die Buffelsrivier geëindig. Tussen die bergpas en die skeurvallei was daar 'n breë tafelkop wat deur 'n steil uitloper aan die vlaktes waar die Britte hulle bevind het, verbind was. Colley het besluit dat sy voetsoldate die tafelkop moes beset. 'n Belangrike terreinfaktor wat in ag geneem moes word, was 'n koepelvormige koppie suidoos van die tafelkop. Dit het 'n uitsig oor die hele halfsirkel van berge gebied. Colley het besluit dat sy berede eskadron dit moes beset.[33]

Piet Joubert en sy burgers was van 25 Januarie af al bewus van die Britse aantog, en het deeglike voorbereidings getref om 'n aanval op Laingsnek af te staan. Die Boere het gedink dat die Britte met die wapad langs sou aanval en die sterkste burgerafdelings het daar posisie ingeneem. Drie kleiner afdelings is oos van die pad gestasioneer. Daarvan was kommandant Engelbrecht en sy burgers op die koepelvormige koppie, kommandant Greyling op die tafelkop en kommandant Basson op die nek tussen daardie twee posisies.[34] Hoe groot daardie afdelings was is onmoontlik om te bepaal.

Die geveg by Laingsnek het om 09h30 begin toe die Britse kanonne op verskillende dele van die platorand voor hulle begin vuur het. 'n Kompanie voetsoldate en die Vlootbrigade met hul vuurpylbuise is na 'n posisie oos van die wapad reg onder die Boere se posisie daar uitgestuur. Hulle het spoedig in 'n onbeslissende skietgeveg met die Boere in hul omgewing betrokke geraak. Terselfdertyd het die hoofaanval begin. Vyf kompanies van die *58th Regiment* het vorentoe beweeg om die tafelkop aan te val. Dit moes deur middel van 'n bajonetstormloop gebeur. Die berede eskadron het op die hoofmag se regterflank vooruitbeweeg. Hulle was naderhand reg onderkant kommandant Engelbrecht en die burgers op die koepelvormige koppie, wat op hulle begin skiet het. Die Britte se reaksie was om teen die koppie uit te stormjaag. Die burgers het egter daarin geslaag om, deur akkurate skietwerk, die Britte te stuit en te laat terugval. Die steilte van die koppie het ook in die Boere se guns getel, want dit het die spoed van die Britse aanval verminder. 'n Tweede stormjaag is probeer, maar het ook misluk. Daarop het die berede eskadron finaal teruggeval.[35] Hulle rol in die geveg by Laingsnek was verby.

Die Britse hoofmag — die vyf kompanies voetsoldate waaroor kolonel Deane bevel gevoer het — was op daardie stadium besig om teen die uitloper na die tafelkop

31. Butler, W.F.: *The Life of Sir George Pomeroy-College* (Londen, 1899), pp. 281—284, waar briewe van Colley self aangehaal word.
32. Natal Mercury, 28.1.1881 (Latest from the Advance Column).
33. Britse Blouboek C2866, no. 70 bylaag, pp. 89—94 (Colley — Childers, 1.2.1881).
34. *Die Afrikaanse Patriot* (Paarl), 18.2.1881, p. 2, kolom 7 (Die Slag by Lange Nek — uit die Express oorgeneem).
35. Butler, W.F.: *The Life of Sir George Pomeroy — Colley* (London, 1899), p. 288 (Colley — Wolseley, 30.1.1881).

te beweeg. Die Boere op die heuwels bo hulle het ywerig op hulle geskiet, en dit het die Britte vinniger teen die steilte laat opbeweeg. Die soldate was spoedig totaal uitgeput maar daar was nêrens 'n skuilplek waar hulle vir 'n paar minute in veiligheid kon rus nie. Deane het hulle, tot voordeel van die burgers, binne maklike trefafstand van die Boereposisies tot stilstand gebring sodat hulle geledere versprei kon word. Die soldate het teruggeskiet, maar was so moeg dat hulle nie hul gewere kon stilhou nie. Dit was duidelik dat hulle geen indruk op die Boere gemaak het nie. Deane het na 'n paar minute ten einde raad besluit om 'n bajonetstormloop te laat uitvoer. Hyself het, nadat sy perd onder hom doodgeskiet is, te voet vorentoe gestorm, maar is deur 'n reën van koeëls gestuit. Talle ander offisiere en manskappe is getref. Van die bajonetstormloop het niks gekom nie. Die Britte het na 'n paar minute, waartydens hulle wild op die vyand geskiet het, besef dat hulle die aftog sou moes blaas. Die bevel om terug te val is om ongeveer 10h30 gegee. Die Boere het op die terugvallendes geskiet en hulle probeer agtervolg, maar is deur akkurate kanonvuur gestuit. Toe dit vir Colley duidelik was dat sy hoofaanval misluk het, het hy beveel dat al sy troepe moes terugval. 'n Wilde artilleriebombardement sonder veel sigbare sukses is volgehou tot tyd en wyl al die soldate terug by die kanonposisie was. Die laaste skoot is om ongeveer 12h15 gevuur.[36] Die Britse aanval op Laingsnek was afgeslaan.

Colley het die verlies van sewe offisiere wat dood en twee wat gewond is te betreur gehad. Van die ander range het 76 gesneuwel en is 108 gewond.[37] Twee Britte is krygsgevange geneem.[380] Die Boere se verliese was 14 burgers gesneuwel, twee burgers aan wonde oorlede en 27 burgers gewond.[39] Die swaar Britse verliese en die feit dat Laingsnek nog in Boerebesit was, het vir Colley beteken dat hy sy beoogde opmars na Transvaal om die beleërde garnisoene te gaan ontset, moes uitstel. Hy sou by Mount Prospect moes vertoef tot tyd en wyl hy genoeg troepeversterkings ontvang het om weer tot die offensief te kon oorgaan.

Die oorwinning by Laingsnek was vir die Boere van onskatbare waarde. In die eerste plek het dit die byna kinderlike vrees wat feitlik al die burgers vir kanonne gehad het, uit die weg geruim. Hulle het die vuurproef van 'n bombardement deurstaan en sou daarna kans sien vir nog een. Tweedens het die Boere die noodsaaklikheid van skanse, waaraan hulle tot op daardie stadium niks gedoen het nie, deeglik besef. Die Britte sou, so is geredeneer, by 'n volgende geleentheid meer gedetermineerd aanval. Dit was dus noodsaaklik om die verdediging deur middel van skanse en loopgrawe te versterk. Bevele om dit te doen is onmiddellik uitgevaardig.[40] Derdens het die Boere besef dat daar van die kant van die Britse mag waaroor Colley na Laingsnek beskik het, niks verder van 'n offensiewe aard te vrese was nie. Hulle moes dus poog om te verhoed dat versterkings Mount Prospect bereik.

Aan die begin van Februarie het kommandant-generaal Piet Joubert van verkenners, wat tot naby Newcastle waar die Boere enkele goeie vriende gehad het, deurgedring het, berig ontvang dat 'n groot aantal troepe as versterkings vir Colley in Pietermaritzburg aangekom het.[41] 'n Krygsraad is bymekaargeroep en het 'n plan uitgewerk

36. *De Staatscourant Gedurenden den Vrijheidsoorlog*, 23.2.1881, p. 31 (Het Gevecht te Langesnek: Verslag van een Engelsch ooggetuie); Marling, P.: *Rifleman and Hussar* (Londen, 1931), p. 41.
37. *Britse Blouboek* C2866, bylaag tot no. 73, p. 98 (F. Romilly — F.W. Richards, 29.1.1881).
38. Norris—Newman, C.L.: *With the Boers in the Transvaal and Orange Free State in 1880—1* (Tweede uitgawe, Londen, g.d.), pp. 151—152.
39. TAB, BV 16, p. 61 (Naamlys in P.J. Joubert se handskrif); *Staatscourant Gedurenden den Vrijheidsoorlog*, 9.2.1881, p. 22 (Officieele Opgave).
40. TAB, A 1044 Ploeger Dr J — aanwins Deel I: Kmdt van Dam 1880—1881. pp. 81—82.
41. Ibid.

om die opkomende Britte te belet om hulle met Colley te verenig. Die uitvloeisel daarvan was dat 'n kommando van 205 man onder veggeneraal Nicolaas Smit op 5 Februarie die Boerekamp verlaat en na Natal beweeg het.[42] Twee dae later het Smit se burgers by twee geleenthede in die Britse verbindingslyn tussen Mount Prospect en Newcastle ingemeng.

Colley het spoedig berig ontvang van daardie inmenging by Schuinshoogte op Mount Prospect se lewensslagaar. Hy kon dit nie ignoreer nie en het besluit om onmiddellik deur middel van 'n magsdemonstrasie met 'n sterk konvooi sy verbindingsroete bo alle twyfel van Boere te suiwer. Sy plan was om op 8 Februarie met 'n sterk patrollie tot by Schuinshoogte uit te beweeg, sigbare kontak met Newcastle te maak, en dan na Mount Prospect terug te keer. Opdrag is selfs gegee dat 'n laat middagete vir die patrollielede in die kamp gereed gehou moes word. Die Britse generaal het nie 'n volskaalse Boereaanval op sy patrollie verwag nie.[43]

Ingevolge Colley se beplanning het 'n patrollie van 400 man met vier kanonne Mount Prospect kort na 08h00 op 8 Februarie verlaat. Boereverkenners het die beweging spoedig opgemerk. Smit se kommando wat in die Drakensberge naby Schuinshooge skuil gehou het, is ingelig. Die offisiere het krygsraad gehou en besluit om waar die wapad na Newcastle oor Schuinshoogte kronkel, die Britte in te wag.[44] Terwyl die kommando ingevolge daardie besluit na hul bestemming beweeg het, het die Britse patrollie die Ingogorivier bereik. Een kompanie voetsoldate en twee kanonne is afgedeel om 'n prominente heuwel bo die rivier wat 'n goeie uitsig oor die omgewing gebied het, te beset. Die res van die patrollie het die dubbele drif oor die rivier met gemak deurgewaad.[45] Hulle het padlangs gehou en het na drie kilometer die voet van Schuinshoogte bereik. Die Britse verkenners het toe Boere opgemerk. Dié was skaars 'n kilometer weg en het op die soldate geskiet. Laasgenoemde het egter die plat heuwelkruin bereik. Hulle het al om die rand daarvan posisie ingeneem. Die kanonne is na die middel van die heuwel gesleep.[46]

Veggeneraal Smit het sy burgers opdrag gegee om die Britte aan te val. Die Boere het, getrou aan hul aanvalsmetode, in verspreide orde te perd op Schuinshoogte afgejaag. Dit was naastenby op die middaguur. Die Britse kanonniers het hul kanonne opgestel, maar die eerste skote het oor die aanvallers heen getrek. Aan die voet van Schuinshoogte het die Boere van hul perde afgespring en te voet boontoe geklim. Soos wat die agterste burgers opgedaag het, het hulle al om die heuwel versprei. So is 'n dubbele omvleueling uitgevoer. Elke Boer het hom in sy aantog deur die beskikbare dekking, hetsy rotse of lang tamboekiegras, laat lei. Daar was feitlik geen taktiese beheer van die kant van die Boere-offisiere nie. 'n Linie van indiwiduele skerpskutters is gevorm. Die Britse infanterie het vervaard, maar wild en sonder merkbare sukses op daardie linie geskiet.[47]

Met die Boere se onverskrokke stormjaag het hulle die inisiatief in die geveg verkry, en hulle het dit dwarsdeur die dag behou. Hulle hoofdoelwit was om die kanonne buit te maak. Hulle vuur was aanvanklik op die kanonniers en die kanonperde gerig en hulle het 'n slagting onder beide aangerig. Colley het spoedig besef dat

---

42. Weilbach, J.D. en C.N.J. du Plessis: *Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog* (Kaapstad, 1882), pp. 221–222).
43. Butler, W.F.: *The Life of Sir George Pomeroy-Colley* (Londen, 1899), p. 313 .(Colley – sy vrou. 9–19.2.1881).
44. Pieterse, H.J.C.: *Volksaltare of 'n Veteraan van die Eerste Vryheidsoorlog*. Persoonlike Herinneringe van P.C. Joubert (Kaapstad, 1940), p. 55.
45. Carter, T.F.: *A Narrative of the Boer War* (Londen, 1896), p. 197.
46. Butler, W.F.: *The Life of Sir George Pomeroy-Colley* (Londen, 1899), p. 412 (Colley – Childers, 12.2.1881, par. 6–8).
47. *De Staatscourant Gedurenden den Vrijheidsoorlog*, 23.2.1881, p. 27 (P.J. Joubert – H.P. Malan, 11.2.1881).

hy nie, tensy die Boere sou terugval, voor donker na Mount Prospect sou kon terugtrek nie. Hy het dus besluit om bloot Schuinshoogte tot die aand te probeer behou. Die geveg het gedurende die middag die vorm van 'n oor-en-weer skietery na spesifieke teikens aangeneem. Die vuurtempo aan weerskante het noodgedwonge, omdat almal se ammunisie begin opraak het, mettertyd afgeneem. Die Boere was die beste daaraan toe, want vanaf die laatmiddag het klompies-klompies burgers, wat van Laingsnek af gekom het, by Smit se kommando aangesluit.[48]

Teen die laatmiddag het onweerswolke opgesteek en om ongeveer 17h00 het 'n donderstorm losgebars. Die gietende reën het 'n skielike einde aan die geveg gemaak. Die laaste skote is egter geskiet toe dit al sterk skemer was. Smit het toe sy manne 'n entjie teruggetrek en beplan om die geveg die volgende oggend te hervat.[49] Colley het aanvanklik ook op 'n hervatting van die geveg voorberei. Toe hy bemerk het dat die Boere teruggeval het, het hy egter besluit om na Mount Prospect terug te trek. Dit was die enigste wyse waarop hy 'n nederlaag kon verhoed. Die ongewonde perde is voor die kanonne gespan en bevele is in fluistertoon gegee dat die gewondes agtergelaat moes word. Die terugtog het om 22h00 begin. Die Britte het besef dat hulle enige oomblik aangeval kon word, maar die Ingogorivier is onopgemerk bereik. Dit was as gevolg van die reën aan die afkom. Colley het egter deurgedruk. Een offisier en ses soldate is deur die stroom meegesleur en het verdrink, maar die ander en die kanonne het veilig deurgekom en die tog na Mount Prospect hervat. Teen 05h00 uur was die meeste van hulle terug in die kamp.[50]

Die Boere by Schuinshoogte was na dagbreek die oggend verbaas en teleurgesteld toe hulle net gesneuwelde en swaar gewonde Britse soldate op die slagveld aantref,[51] want Colley se onttrekking het beteken dat hulle nie die kanonne kon buitmaak nie. Wat die gevegsverliese aan weerskante betref, was Smit se kommando egter die beste daaraan toe. Agt burgers het gesneuwel, twee is as gevolg van wonde oorlede, en sewe is gewond.[52] Hul opponente se verliese was vier offisiere dood, een aan wonde oorlede en een verdrink, en drie lig gewond, en meer as 100 manskappe gedood, gewond of verdrink.[53] Die swaar verliese het beteken dat Colley steeds nie, voordat troepeversterkings by sy magte aangesluit het, tot die offensief sou kon oorgaan nie. Dit was dus vir die Boere van die allergrootste belang om die troepeversterkings wat op pad was, te stuit.

Die troepe wat na die front op pad was, was 1 800 man van vier eenhede, naamlik die *15th Hussars,* die *2nd Batallion 60th Rifles,* die *92nd Gordon Highlanders* en 'n Vlootbrigade. Brigadier-generaal sir Evelyn Wood, wat as Colley se tweede-in-bevel uitgestuur is, het op 15 Februarie by die Biggarsberge by die versterkings aangesluit. Hy het die wapad na Newcastle tydens die Anglo-Zoeloe-oorlog van 1879 leer ken, en was van mening dat die Boere hom in die heuwelagtige terrein rondom die wapaddrif oor die Ingaganerivier sou voorlê. Gevolglik het hy opdrag gegee dat sy troepe 'n ander roete as die wapad moes gebruik.[54] Die Boere het inderdaad die Britte by die Ingaganerivier voorgelê. Wood se besluit om 'n ander roete te gebruik, het die burgers

48. *Die Afrikaanse Patriot* (Paarl), 15.4.1881, p. 2, kolom 2 (P.J. Joubert — Redakteur, 10.3.1881).
49. TAB, A 1044 Ploeger Dr J — aanwins Deel I: Kmdt van Dam 1880—1881, p.84.
50. *De Staatscourant Gedurenden den Vrijheidsoorlog*, 2.3.1881, p.34 (Het Gevecht bij Schuinshoogte, door een Engelsh ooggetuie, Mount Prospect Kamp, 8.2.1881).
51. Kestell, J.D.: *Christiaan de Wet* (Kaapstad, 1920), p. 25.
52. *De Staatscourant Gedurenden den Vrijheidsoorlog* 16.2.1881. p. 27 (Nota van P.A. Cronjé, 15.2.1881) en 11.5.1881, p. 62 (Gewond in den slag op Schuinshoogte: Uit Merensky se verslag, 11.4.1881).
53. Marling, P.: *Rifleman and Hussar* (Londen, 1931), p.49.
54. Holt, H.P.: *The Mounted Police of Natal* (Londen, 1913), p. 106.

onverhoeds betrap, want die krygsraad kon nie gou genoeg oor 'n ander aanvalsplek, waar hulle die Britte kon probeer stuit, ooreenkom nie.[55] Smit se kommando het dus onverrigtersake na Laingsnek teruggekeer.

Colley en Wood het mekaar op 17 Februarie in Newcastle ontmoet, waar hulle gesamentlik besluit het om die opmars na Transvaal uit te stel totdat verdere versterkings opdaag. Wood het twee dae later 'n verkenningsrit tot vlak buite Wakkerstroom onderneem, waarskynlik met die doel om vas te stel of daarlangs 'n goeie roete na die agterkant van Laingsnek was en wat die Boere se sterkte in daardie omgewing was.[56] Terug in Newcastle het die twee generaals besluit dat Wood na Pietermaritzburg moes terugkeer. Hy het op 21 Februarie daarheen vertrek om oor die opmars van verdere versterkings te gaan toesig hou.[57]

Daar is in die tydperk tussen die veldslae by Schuinshoogte en Majuba heelwat pogings om 'n vreedsame skikking tussen Boer en Brit te bewerkstellig van stapel gestuur. Op 8 Februarie het koloniale minister Kimberley uit Londen aan Colley getelegrafeer om president Brand van die Oranje-Vrystaat in te lig en dié te vra om die Boereleiers te laat weet dat die Britse kabinet oor 'n permanente vreedsame skikking sou onderhandel as die Boere vrywilliglik hul wapens neerlê.[58] Colley het die telegram die volgende oggend ontvang en onmiddellik die inhoud daarvan aan Brand oorgetelegrafeer, wat dit na die Boerekamp gestuur het. Die volle Driemanskap was op daardie stadium by Laingsnek. 'n Antwoord is opgestel en op 12 Februarie deur Kruger onderteken. Daarin is Colley meegedeel dat die Boere nie van hul ingeslane weg sou afwyk nie. Hulle was so seker van hulle goeie saak, en so oortuig daarvan dat ware kennis van hulle saak die Britte simpatiek daarteenoor sou stem, dat hulle die mening uitgespreek het dat 'n Koninklike Kommissie hulle in die gelyk sou stel.[59]

Colley het die antwoord op 13 Februarie ontvang en die inhoud in verkorte en vertaalde vorm aan die *Colonial Office* getelegrafeer. Kruger het later ontken dat dit sy bedoeling was dat 'n Koninklike Kommissie 'n skikking tussen die Transvaalse Afrikaners en Brittanje moes bewerkstellig,[60] maar uit Colley se telegram is in Londen afgelei dat juis dit die Boere se voorstel was. 'n Britse kabinetsitting op 15 Februarie het dit boonop as basis vir verdere onderhandelinge aanvaar.[61] Colley is beveel om die Boere in te lig dat Brittanje kommissarisse om oor 'n skikking te onderhandel sou uitstuur, mits die Boere hulleself sou weerhou van gewapende optrede. Indien die Boere dit sou aanvaar, kon die generaal toestem tot 'n wapenstilstand.[62] Colley het Kruger in 'n brief wat op 21 Februarie geskryf is oor die kabinetsbesluit ingelig en hom 48 uur gegee om daarop te antwoord.[63] Dit was 'n onrealistiese kort tyd. Kruger het die brief eers op 28 Februarie, dus ná die slag van Majuba, ontvang, en sy gunstige antwoord daarop het Mount Prospect op 7 Maart bereik. Die vredespogings na Schuinshoogte het dus nie verhoed dat die militêre stryd voortgeduur het nie.

Colley het op 22 Februarie met die grootste deel van die troepemag wat as versterkings opgedaag het noordwaarts vertrek en Mount Prospect die volgende dag

55. Weilbach, J.D. en C.N.J. du Plessis: *Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog* (Kaapstad, 1881), p. 249 (Verklaring van veldkornet C. Engelbrecht).
56. Wood, H.E.: *From Midshipman to Field Marshal*, II (Derde uitgawe, Londen, 1906), pp. 110–111.
57. *Britse Blouboek* C2837, no.55, p. 14 (Colley – Childers, 12.1.1881).
58. *Britse Blouboek* C2837, no. 18, p. 6 (Kimberley – Colley, 8.2.1881).
59. *De Staatscourant Gedurenden den Vrijheidsoorlog*, 2.3.1881, p.33 (Offisieele Correspondentie: S.J.P. Kruger – Colley, 12.1.1881).
60. *De Staatscourant Gedurenden den Vrijheidsoorlog*, 9.3.1881, pp. 37–38 (Kruger – J.H. Brand, 3.3.1881).
61. British Museum, Department of Manuscripts, Add 43935 (Dilke Papers), pp. 19 en 40 (Unpublished Memoirs of Dilke, chapter XVIII).
62. *Britse Blouboek* C2837, no. 34, p. 10 (Kimberley – Colley, 16.2.1881).
63. TAB, BV 13, p. 422 (Colley – Kruger, 21.2.1881).

bereik.[64] Met sy terugkeer het hy onmiddellik bemerk dat die Boere besig was om verskansings op die heuwelhalfmaan bo Laingsnek op te rig. Daardie skanse, het hy voorts besef, sou 'n tweede frontaanval op die Boereposisie, soos dié van 28 Januarie, sinloos maak. Die enigste oorgeblewe wyse om die Boere by Laingsnek aan te tas, sou wees via die berg Majuba, en dit het vir Colley gelyk of die Boere besig was om in die rigting daarvan skanse te bou, wat die besetting van die berg vir die Britte onmoontlik sou maak.[65] Dit was die omstandighede wat tot die geveg om Majuba aanleiding gegee het, want dit was wat Colley laat besluit het om die berg te beset.[66]

Verskeie skrywers is van mening dat Colley nie gedink het dat sy besetting van Majuba noodwendig tot 'n geveg sou lei nie.[67] Die Boere sou waarskynlik so geskok wees wanneer hulle die Britte op die berg op hul flank bemerk, dat hulle hul posisies by Laingsnek sou verlaat. Dat hulle sou poog om die Britte op Majuba aan te val, het onwaarskynlik gelyk. Die gevaarlikste deel van die operasie sou die besetting daarvan wees.[68]

Die beplande besetting van Majuba is streng geheim gehou. Slegs sy senior stafoffisier, luitenant-kolonel Stewart, is vooraf deur Colley daaroor ingelig. Hulle het op 24 Februarie, tydens 'n verkenningspatrollie oos van die Buffelsrivier, die oostelike en noordelike hange van Majuba uit die verte bestudeer.[69] Die suidelike hange was duidelik sigbaar van Mount Prospect wat skaars vyf kilometer van die kruin geleë is. 'n Plaaslike Swartman het informasie oor die plat, pieringvormige bergkruin verskaf, en aan Colley vertel dat geen Boere daar oornag nie.[70] Op 26 Februarie is die krygsplan in werking gestel. Na aandete is 'n mag van 570 man (eenhede uit die *58th Regiment*, die *3/60th Regiment*, die *92nd (Gordon Highlander) Regiment* en die Vlootbrigade) beveel om in doodse stilte in die donker aan te tree.[710] Slegs gewere sou as wapentuig saamgeneem word. Geen soldaat het geweet wat die bestemming was nie.

Die nagmars om Majuba te beset het om 22h00 begin. Die Britte het weswaarts tot teen die hange van die Nkweloberg beweeg. Daar is twee kompanies soldate afgedeel en beveel om hulleself te verskans. Die taakmag het toe noordwaarts oor 'n nekkie tussen Nkwelo en Majuba gestap tot by die voet van laasgenoemde, waar 'n derde kompanie afgedeel is om die verbindingsroete te bewaak. Toe is die berghang bestyg: 'n moeitevolle taak in die donker op 'n onbekende terrein. Eers teen 03h40 op Sondagoggend 27 Februarie het die voorste Britte ongedeerd en onopgemerk die bergtop op sy suidwestelike punt bereik.[72] Hulle is al om die kruinrand, wat sowat 1 300 meter in omtrek was, versprei en nie beveel om hul posisies te verskans nie.

Aangesien die Britte nie hul posisie op Majuba probeer geheim hou het nie, is hulle kort na sonop deur die Boere opgemerk. Kommandant-generaal Joubert se eerste reaksie was 'n gevoel dat alles verlore was.[73] Hy het homself egter vinnig reggeruk, beveel dat burgers uitgestuur moes word om die Britte op die berg te gaan aanval, en self na Laingsnek vertrek omdat hy vermoed het dat daar 'n gelyktydige aanval

64. *Britse Blouboek* C2837, no. 57, p. 15 (Colley — Childers, 23.2.1881).
65. Butler, W.F.: *The Life of Sir George Pomeroy — Colley* (Londen, 1899), p. 349.
66. Ibid., p. 361 (Stewart se verslag).
67. Onder andere Morley, J: *The Life of William Ewart Gladstone*, deel III. (Londen, 1903), pp. 29; Forum, volume 28, January 1900, p. 610 ('Boer War of 1881', by an English Officer).
68. Butler, W.F.: *The Life of Sir George Pomeroy-Colley* (Londen, 1899&, pp. 364—365.
69. Ibid., pp. 361—362 (Stewart se verslag).
70. Carter, T.F.: *A Narrative of the Boer War* (Londen, 1896), p. 253.
71. *Britse Blouboek* C2950, bylaag 2 in no. 27, p. 77 (Fraser — Wood, 5.3.1881).
72. TAB, A 14 Joubertversameling 26,2459 (Carter, Heights above Laings Nek Midday Sunday — Times PMB).
73. *Die Afrikaanse Patriot* (Paarl), 15.4.1881, p. 2 Kolom 3 (P.J. Joubert — Den Editeur, 10.3.1881).

met die wapad langs sou wees.[74] Terwyl daardie reëlings getref is, het sommige burgers gereed gemaak om terug te val. Die tente is afgeslaan, die waens gepak en die osse ingespan. Die Boere het besef dat as die vyand hulself op Majuba kon handhaaf, daar vir hulle geen ander uitweg sou wees as om te vlug nie.[75]

Terwyl die oppakkery aan die gang was, het sowat 150 burgers, waaronder kommandant Joachim Ferreira en assistent-veldkornet Stephanus Roos te perd na die voet van Majuba gejaag. Terwyl die Britte van die kruin af op hulle geskiet het, het daardie burgers in 'n lang diep kloof teen die noorderhang van die berg vergader. Om ongeveer 07h00 het hulle die Britse vuur begin beantwoord en teen die terrasagtige helling begin uitklim. Alle moontlike skuilplek is benut — so doeltreffend dat die Britte nie besef het dat die Boere besig was om boontoe te vorder nie. 'n Ander groep Boere het aan die voet van die berg stelling ingeneem en van daar af 'n dodelikakkurate vuur op die Britte wat dit waag om oor die kruinrand te kyk, onderhou. Die gevolg was dat die Britte hulle nie blootgestel het om op die Boere wat teen die berg klim, te skiet nie.[76]

In die loop van die oggend het die Britte 'n heliografiese verbinding tussen Majuba en Mount Prospect daargestel. Boodskappe is van die kruin af gesein en dadelik na die *War Office* in Londen getelegrafeer, waaruit afgelei kan word dat die Britte ingenome was met hul posisie. Om 10h30 is een van die senior offisiere, kommandeur Romilly, dodelik gewond, maar steeds het die soldate, volgens die latere herinnering van een van die offisiere op die berg, vol vertroue gebly.[77] Dit word weerspieël in 'n heliografiese boodskap — die laaste — wat om 12h10 uitgestuur is: "Boers still firing heavily on hill, but have broken up their laager and begun to move away..."[78]

Terwyl die Britte so optimisties oor hul posisie op die kruin was dat Colley die middaguur gaan lê en slaap het, het die Boere stelselmatig teen die bergwande uitgeklim. Ferreira en Roos het die voorste burgers tussen hulle verdeel. Eersgenoemde sou die kruin uit die noordweste benader, terwyl Roos reguit op beweeg het. 'n Derde groep Boere het die oostelike hang van die berg uitgeklim.[79] Toe hulle reg onder die kruin was, moes die burgers aan die voet van die berg hul langafstand dekkingsvuur staak, want die gevaar het groot geword dat hulle hul eie mense kon tref. Die Britte het die afname in die Boerevuur waargeneem, en afgelei dat die aanval gestaak is.[80] Hulle is egter om ongeveer 13h00 wreed ontnugter, want die voorste Boere was toe skaars 70 meter van die noordelike kruinrand af, en het skielik 'n dodelike vuur op die verdedigers van daardie sektor geopen. Die soldate was totaal uit die veld geslaan en het verskrik na die middel van die kruin gehardloop.[81] Met daardie onverwagte verrassing het die Boere die inisiatief oorgeneem. Hulle sou dit vir die res van die geveg behou.

Die stryd om die kruin van Majuba het tussen 10 en 20 minute lank geduur. Toe die Britse soldate die eerste keer teruggeval het, het die Boere nadergehardloop, agter die verdedigers se effense klipverskansings gaan lê, en op die retirerende vyand geskiet. Colley het soldate na die noordelike deel van die kruin waar die Boere nou gesetel was,

74. Matthews, J.W.: *Incwadi Yami* ... (Herdruk, Johannesburg, 1976), p. 336.
75. Weilbach, J.D. en C.N.J. du Plessis: *Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog* (Kaapstad, 1881), p. 265.
76. Ibid., p. 269 (Ferreira se verklaring); *Ons Klyntji*, Maart 1896, pp. 11–12 (S. Roos: Di Slag van Amajuba).
77. India Office Library, MSS. Eur. F108/91, Sir George White Collection, BA 1/3 (MacDonald — White, 20.4.1881).
78. *Britse Blouboek* C2837, no. 63, p. 16 (Colley — Childers, 27.2.1881, 12,h10).
79. Weilbach, J.D. en C.N.J. du Plessis: *Geschiedenis van den Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog* (Kaapstad, 1882), p. 268 (Ferreira se verklaring); Ons Klyntji, Maart 1896, p. 12 (S. Roos: Di Slag van Amajuba).
80. India Office Library, MSS. Eur. F 108/91, Sir George White Collection, BA 1/2 (Douglas — White, 5.4.1881).
81. India Office Library, MSS. Eur. F 108/91, Sir George White Collection, BA 1/3 (MacDonald — White, 22.4.1881).

gestuur om die aanvallers te gaan verdryf, maar hulle het traag gereageer. Nadat 'n aantal van hulle boonop deur Boerekoeëls getref is, het hulle weer teruggeval. Die Boere het nog nader gehardloop. Talle soldate het nou tot op die suidelike kruinrand geretireer, maar 'n 150-tal het by 'n kliprif noord van 'n holte in die kruin stelling ingeneem en die Boereaanval probeer afweer. Colley en sy offisiere het die soldate aangemoedig, maar hul ongevalle het mettertyd toegeneem en hulle kon die Boere wat oor die kruinronding gelê en skiet het, nie duidelik sien nie. Die tydelike skaakmat is beëindig toe 'n aantal Boere die oostelike kruinrand bereik en op die flank van die soldate by die sentrale kliprif begin skiet het. Luitenant Ian Hamilton, die latere bekende generaal, het voorgestel dat 'n bajonetstormloop uitgevoer word, maar Colley het besef dat dit sinloos sou wees. Kort daarna het Colley wat wou verhoed dat al sy manne platgeskiet word, beveel dat hulle moes terugval.[82] Daarmee het die verdediging gedisintegreer. Talle soldate en offisiere het na die suidelike kruinrand begin hardloop. Sommige is raakgeskiet, waaronder Colley self, wat noodlottig getref is terwyl hy verdwaas teruggestap het. Die soldate wat ongedeerd die kruinrand bereik het, het teen die steiltes afgehardloop en na Mount Prospect koers gekies. Enkeles het hulleself oor die kranse gewerp en hulle te pletter geval. Die Boere het spoedig die kruinrand bereik en op die terugvallendes geskiet. Minstens 50 Britte is krygsgevange geneem.

Van bo-op die suidelike kruinrand af het die Boere die soldate op Colley se bestygingsroete van die vorige aand bemerk, en onmiddellik 'n aanval teen hulle beplan. 'n Perdekommando is vir daardie doel weswaarts om Majuba daarheen gestuur. Hulle het om ongeveer 15h00 die naaste kompanie bereik en onder skoot geneem.[83] Daardie soldate het egter vanuit Mount Prospect, waarvandaan daar ondertussen soldate, kavalleriste en kanonne gestuur is om die terugvallende soldate te beskerm, bevel gekry om hul posisie te verlaat en na die basiskamp terug te keer. Hulle is aan 'n swaar vuur onderwerp en het, soos die ander terugvallende soldate, ongevalle gely.[84] Teen 17h00 uur was al die Britte wat in staat was om dit te haal, terug in Mount Prospect. Daardie kamp is in die loop van die middag in aller yl teen 'n aanval voorberei, en die Boere was van plan om dit aan te val, maar 'n skielike digte mis het toegesak en die slag van Majuba beëindig.[85]

Die Boereverliese by Majuba was soos by Bronkhorstspruit, een burger dood, een aan wonde oorlede, en vyf lig gewond. Daarteenoor het aan Britse kant ses offisiere en 86 ander range gesneuwel en is nege offisiere en 125 ander range gewond.[86] Hierdie syfers illustreer dat die Britte 'n vernietigende nederlaag gely het. Majuba het vir die Britte die simbool van 'n nederlaag geword, 'n simbool wat vernietig moes word, 'n nederlaag wat gewreek moes word.[87] Hulle het presies 19 jaar later daarin geslaag, toe Roberts op Majubadag vir Piet Cronjé by Paardeberg tot oorgawe gedwing het en Buller op dieselfde dag by Pietershoogte in Natal die Boere se verdedigingslinie deurpriem het. Dit was tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Intussen, in 1881, was die glorieryke oorwinning op Majuba vir die Transvalers 'n belangrike stap in die rigting van die herstel van hul onafhanklikheid. Op 6 Maart het kommandant-generaal Piet Joubert en Colley se opvolger, sir Evelyn Wood, by Laings-

82. Cromb, J: *The Story of Majuba Hill* ... (Tweede uitgawe, Glasgow, 1899), pp. 21–29.
83. Weilbach, J.D. en C.N.J. du Plessis: *Geschiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog* (Kaapstad, 1882), pp. 266–267.
84. Carter, T.F.: *A Narrative of the Boer War* (Londen, 1896), pp. 296–297).
85. Matthews, J.W.: *Incwadi Yami* ... (Herdruk, Johannesburg, 1976), p. 337.
86. Theal, G.M. *History of South Africa from 1873 to 1884*, II (Struik, 1964 – herdruk), p. 124.
87. *Die Taalgenoot*, April 1962, p. 5 (M.C.E. van Schoor Amajuba).

nek 'n wapenstilstandsooreenkoms onderteken. Dit is op 23 Maart gevolg deur 'n vredesooreenkoms. Daarvolgens sou Transvaal algehele selfbestuur wat interne aangeleenthede aanbetref geniet, onderworpe aan die susereine regte van Groot Brittanje. Dit het onder meer toesig oor Transvaal se buitelandse betrekkinge behels. 'n Koninklike Kommissie sou 'n konvensie, waarin finale bepalings aangestip sou word, opstel en die landsbestuur binne ses maande aan die Boere oorhandig.[88]

Die lede van die Koninklike Kommissie was sir Hercules Robinson, sir Henry de Villiers en sir Evelyn Wood. Hulle het eers op Newcastle vergader, maar vanaf 14 Junie in Pretoria. Die opstel van die ontwerp-konvensie het tot heelwat ernstige besprekings tussen die Kommissielede en die Boereleiers aanleiding gegee. Sommige bepalings is deur die Boere bestry, maar nogtans in die finale konvensie opgeneem.[89] Op 2 Augustus het die Boereleiers besluit om, ten spyte van hul teenkanting teen alle bepalings, die konvensie te onderteken, vernaamlik omdat hul doel met die oorlog grotendeels bereik is: hulle was weer binnelands vry en onafhanklik. "Het bloed onzer dappere burgers is niet tevergeefs gevloeid..."[90] Die ondertekening het op 3 Augustus plaasgevind en vyf dae later is die landsbestuur aan die Driemanskap oorhandig. 'n Nuwe Volksraad is gekies en dié het die Konvensie van Pretoria, soos dit genoem is, geratifiseer.

Die praktiese implimentering van die Konvensie het talle probleme opgelewer, met die gevolg dat die Boereleiers in 1883 besluit het om Londen te nader oor die moontlike wysiging daarvan. Jorissen het tydens 'n informele besoek aan Londen, 'n besoek aan die Koloniale Kantoor gebring, en die Koloniale sekretaris, lord Derby, oorgehaal om 'n Boeredeputasie te ontvang. 'n Amptelike uitnodiging het gevolg, waarop Paul Kruger, Nicolaas Smit en ds S J du Toit, die Superintendent van Onderwys, as Derde Deputasie na Londen vertrek het. Hulle het in Oktober 1883 daar aangekom en van November tot Februarie die volgende jaar uitgerekte onderhandelinge met Derby gevoer. Daarin was geen sprake meer van susereiniteit nie. Al beperking was dat geen verdrag met 'n vreemde moondheid sonder die Britse monarg se toestemming van krag sou wees nie.[91] Andersins is die onafhanklikheid van die Zuid-Afrikaansche Republiek op Majubadag 1884, met die ondertekening van die Konvensie van Londen, herstel.

---

88. *De Staatscourant Gedurenden den Vrijheidsoorlog*, 30.3.1881, pp. 47—48.
89. Jorissen, E.J.P.: *Transvaalsche Herinneringen* ... (Amsterdam, 1896), p. 118.
90. TAB, BV 4, p. 341 (Notule van vergadering van Uitvoerende Raad saam met Transvaalse Kommissie, 2.8.1881).
91. TAB, ZAR 165, (Groenboek, 1884) Zuid-Afrikaansche Republiek: Officieele Beschieden gewisseld met de Engelsche Regeering in zake de Conventie van Londen Gesloten den 27ste Februari 1884 (Amsterdam, 1884).